

SKAAPLEK

35



Klaargemengde onderhoudslek vir skape

- Geskik vir skape op lae kwaliteit weidings of ruvoer.
- Voorsien optimale kwantiteit en kwaliteit proteïen, NPN, minerale en spoorminerale vir ekonomiese benutting van lae kwaliteit ruvoere.
- Beperk verlies in liggaamskondisie op swak kwaliteit weidings en ruvoere.
- Kan gebruik word om produksielekke te vermeng in 'n 2:1 verhouding met grane.

SAMESTELLING

Nutriënt	g/kg
Ru-proteïen (min.)	350
Ruproteïen vanaf NPN (maks.)	71.40%
Ureum (maks.)	87.10
Vog (maks.)	120
Kalsium (min.)	20
Fosfor (min.)	8.60
Ca: P Verhouding	1-2.32:1
Sulfaat (min.)	4
Yster (min.)	182 mg/kg
Koper (min.)	130 mg/kg
Mangaan (min.)	290 mg/kg
Sink (min.)	480 mg/kg
Cobalt (min.)	1.3 mg/kg
Iodine (min.)	5 mg/kg
Selenium (min.)	1.46 mg/kg

GEBRUIKSAANWYSING

1. Beskerm hierdie veevoer teen reën. NPN (Bv. Ureum) is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
2. Moet nie hierdie veevoer onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoere voer nie. Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegnieuse Adviseur vir die nodige aanbevelings.
3. Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Behandeling: Meng met gelyke hoeveelhede water en doseer 'n halwe bottel per half of groot skaap en 2 tot 4 bottels per bees (1 bottel = 750ml).
4. Riglyne vir inname: Inname sal bepaal word deur die produksie status van diere en die kwaliteit en kwantiteit van die weiding.
5. Lek inname moet bestuur word. Dit word aanbeveel om die verlangde hoeveelheid daaglik aan diere te voorsien. Navorsing toon egter dat indien diere die verlangde daaglikse hoeveelheid lek in 'n korter tyd vreet, daar nie probleme ondervind word nie. Indien bestuur slegs toelaat om bv. elke derde dag lek uit te plaas, verskaf dan die verlangde hoeveelheid lek as volg (g/dier x aantal diere x 2 dae). Hierdie voermetodes maak dit moontlik om onder alle omstandighede die verlangde innames te verkry, wat nie moontlik sou wees indien sout uitsluitlik as innamereguleerder gebruik word nie. Voldoende kripspasie is van uiterste belang.

VOER AANBEVELINGS

- Die produk is 'n supplement en nie 'n voer nie.
- Voldoende weiding moet deurgaans beskikbaar wees.
- Gereelde daaglikse inname kan vergiftiging help voorkom.
- 'n Soutfosfaatlek moet ten minste 7 dae voor die verskaffing van 'n ureumbevattende lek voorsien word om southonger en oormatige inname van ureum te voorkom.
- Stoor in 'n koel, droë plek, weg van direkte sonlig.

Vorm: Meel

Verpakking: 40 kg Sakke

AANBEVOLE INNAME

Dier	g/dier/dag
Skape	160 – 250

WAARSKUWING

Hierdie veevoer bevat 'n NPN bron en geregistreerde medikamente. Voer streng volgens voorskrifte. Vir medikament besonderhede sien bykomende sak etikette.

Klas: MINERAAL, PROTEÏEN EN SPOORMINERAAL SUPPLEMENT VIR SKAPE
Reg. nr.: V20248 – Wet 36/1947
AFGRI Produktkode: R1199

12 Byls Bridge Boulevard
Highveld Ext 73
Centurion

Tel: +27 11 063 2347
afgrianimalfeeds.co.za


AFGRI
ANIMAL FEEDS